# Bits & Brokkies

2017 - kwartaal 4

Laerskool La Hoff

# Inhoudsopgawe

1. Sport
2. Akademie en kultuur

4. Ander
ontmoet ons nuwe hoof

# 1. SPORT

# NOORDWES WENNERS

## Hoffies word verklaar as provinsiale wenners by die Noordwes tennisuitspele

Op 12 Oktober 2017 het Laerskool La Hoff deelgeneem aan die Noordwes Tennisuitspele. Die O/13A Dogters het uitstekend gespeel en die titel as Noordwes Wenners geneem. Hierdie dogters is 'n wenkombinasie! Hulle kom al saam van 2014 af, waar hulle ook hierdie titel geneem het. Geluk aan Riana, Mieke, Marjone en Lerieschka, asook hulle afrigter, juffrou Jansie Snyman.

Daar was vreeslike goeie sportsmangees van al ons Hoffie spanne wat deelgeneem het aan die uitspele, Die O/13A seuns en die O/11A dogters en seuns eindig vierde.

Geluk, ons is trots op elke speler wat so hard werk!

# La Hoff Gholf

Laerskool La Hoff se Gholfspan het op 9 en 16 Oktober 2017 die geleentheid gehad om deel te neem aan die KOSH gholfproewe, waar Deon en Mia gekies is as deel van die KOSH Gholfspan. Hulle het ook deelgeneem aan die Noordwes Kampioenskappe.

# Hoffies word erken vir harde werk

Jaarliks word leerders van alle skole in Klerksdorp in ag geneem om erken te word vir hulle uitstekende sport en kulturele prestasies. Ons is vreeslik trots op hierdie Hoffies wat genomineer is vir hierdie toekennings by die jaarlikse Merit Awards, City of Matlosana.

Riana en Carla is 2 van die 3 finaliste vir Sportdogter van die Jaar, en Arvahn ontvang n Meriete toekenning vir al sy prestasies.

# GOUD Vir Laerskool La Hoff Skaak

La Hoff skaakspanne behaal GOUD in die Noordwes Provinsie: Laerskole Skaakkampioenskappe

Op Vrydag 22 September 2017 het die skaakspanne deelgeneem aan die provinsiale skaakkampioenskappe, en het weereens groot naam gemaak. La Hoff wys nog altyd uitstekende vermoeëns op skaakborde, ons is baie trots op elke speler, asook hulle getroue afrigter, Fanie Etsebeth.

Die volgende spanne behaal uitstekende prestasies in hulle onderskeie ouderdomsgroepe:

O/9 Doghters

O/13 Doghters

O/11 Seuns

O/7 Seuns

O/9 Seuns

O/13 Seuns

# 2. Akademie

# Toppresteerders

## Erkenningsfunksie 2018

Dis altyd lekker om terug te gee aan ons Hoffies waarvoor hulle so hard werk deur die jaar.

Tydens die Gala-aand vir die Gr7 leerlinge, was die Sport-, Kultuur-, en Akademiese Seun en Dogter aangekondig. Ons is trots op elke leerder, saam met julle is dit 'n fees om elke jaar met soveel entoesiame aan te pak.

**Veelsydigste leerder**
Carla Roux

**Dux-leerling**
Cherissa-Lee van Aswegen

**100% Skoolbesoek**
Heuwin Booysen

**Kultuurdogter- en seun**
Carla Roux
Arvahn Burger

**Sportdogter- en seun**
Riana Nel
Arvahn Burger

# Kwartaal 3

# TOP 20

Top 20 Akademiese leerders van Gr4-7

Ons is trots op elke leerder wat hulle kant so deeglik bring. Mooi so! Julle maak ons trots!

## Gr4 - Top 10

1. Inus
2. Duan
3. Mia
4. Anke
5. Linelle
6. Tarien
7. Jeandre
8. Dimitri
9. Divan
10. Monique

## Gr4 - Top 20

1. Mienke
2. Kaylie
3. Deidre
4. Jo-Mari
5. Sonell
6. Suhandri, Mieke
7. Karlone
8. Michael
9. PC

## Gr5 - Top 10

1.Stephan
2. Danielle
3. Milindi
4. Andre, Carmi, Zonia
5. Thelanne
6. Dihan
7. Rume
8. Decon
9. Kiki

## Gr5 - Top 20

1.Ruan
2. Clarice
3. Jaydon
4. Kamea
5. Micaela
6. Megan
7. Karla
8. Kiara
9. Chad
10. Divan

# Kwartaal 3

# TOP 20

Top 20 Akademiese leerders van Gr4-7

Ons is trots op elke leerder wat hulle kant so deeglik bring. Mooi so! Julle maak ons trots!

## Gr4 - Top 10

1. Abigail
2. Rachelle
3. George
4. Kara
5. Cornelia
6. Chane, Danelle
7. Barend
8. Catharina
9. Este

## Gr4 - Top 20

1.Bernu
2. Deon
3. Evan
4. Metige
5. Loene
6. Adriaan, De'Niel
7. Johan
8. Michaela
9. Zoë

## Gr7 - Top 10

1.Cherissa-Lee
2. Carla
3. Riana
4. Chanri
5. Marjone
6. Luandri
7. Jessie
8. Henre
9. Xander
10. Wilene

## Gr7 - Top 20

1.Dawid
2. Danelle
3. Marizaan
4. Annette, Nicole, Anneke
5. Marlie
6. Lara
7. Nelia
8. Mariesie, Lenro, Shana

# GrR Kuns

'n Paar van ons GrR maatjies se oulike kunswerke.
Tema: Dokter en die hospitaal.

# Gr3 Weervoorspellers

Ons Gr3 maats vertel ons meer oor wisselende weerstoestande en klimate. Dis te oulik hoe hulle so lekker saam speel met hierdie tema!

# 4. Ander

# Ons eie kleine Mej RSA Alexis Booysen

'n Nasionale skoonheidskompetisie vir meisies 4-25 jaar. Hierdie kompetisie strek oor vier dae, waar jy op talle areas getoets word, van toontjie tot kroontjie, maar meeste van als, jou suiwer hart. Alexis was 'n uitblinker in elkeen!

Alexis noem dat sy baie dankbaar is vir hierdie nasionale titel omdat dit baie deure vir haar sal oopmaak, om sodoende terug te gee aan haar gemeenskap. As titelhouer kan sy aan die internasionale kompetisie in Orlando, Florida gaan deelneem. Haar telling was so hoog dat sy algeheel tweede ook geeindig het, 'n posisie wat in hierdie industrie iets is om voor te mik.

Meer oor die Pre-Teen Miss RSA skoonheidskompetisie:

Op dag een het die kompetisie afgeskop met onderhoude en goeie geselskap, waar die meisies hulself mag voorstel aan die beoordeelaars en vrae antwoord oor hulself - soos jou geliefkoosde liefdadigheid waarby jy betrokke is, tot wat jou gunsteling sport is.

Dag twee het bestaan uit talent en hierdie was Alexis se gunsteling dag. Sy het ‘n dramastuk opgevoer in Engels vir twee en ‘n half minute, toe sy sien die beoordelaars en skare lag vir haar, word sy eers katjie van die baan en steel almal se harte. Dag drie doen hulle die loop-plank in gemaklike klere, en daarna in elegantedrag waar hierdie mooi meisie in geskitter het.

Die laaste dag het alle deelnemers saamgew-erk om 'n wondervertoning aan te bied, naam-lik die Gala aand. Hier word die top 5 finaliste ook aangekondig, waar die groot finale vraag gevra word, die een wat maak of breuk. Gelukkig vir hierdie ster het dit haar gemaak wen. Daar is aan haar gevra op watter tydskrif sal sy graag die voorbladgesig wil wees, waar sy geantwoord het “Team SA, because I am blessed with sporting talent and that way I can give thanks to God who blessed me”.

Alexis, ons Hoffies is vreeslik TROTS op jou en hierdie ongelooflike prestasie!

# Omgee-harte wat deel ♥

Die Welsynsraad se laaste projek van die jaar was om by Voetlig Kinders in Orkney te gaan kuier op Vrydag, 13 Oktober 2017.

Hulle het die gemeenskap bederf met kolwyntjies, pizza en lekker springkastele. Dis altyd lekker om saam te kan speel!

Op Donderdag, 12 Oktober was dit tyd vir die 2 klasse wat gewen het tydens die Bonanza Fondsinsameling , Gr1L en Gr7L, om hulle gratis fliek te geniet.

Dankie juffrou Lucia en meneer Christiaan vir die prettige uitstappie.

# FLIEK

# Hoffies leer kook

Leerders het die geleentheid gekry om ‘n paar kortpad-kosmaak-tegnieke te leer, van koekbak, na oulike slaaie. Dit was groot pret om saam met mekaar te leer en speel.

# Bouprojek

Tydens 2017 het Laerskool La Hoff 'n bouprojek aangepak, wat tot dusver spoggerig vertoon. Dit sluit in 'n gedeelte van die skool se omheining wat vervang is met palisade, naamborde om die aansig van die skool te verbeter, motorbeheerde hekke, klaskamers is aangebou en algehele opdatering van verfwerk. In die komende jaar wil ons graag voortgaan met die bouprojek. Ons beoog om die palisade-omheining verder om die skoolgronde te laat strek, die voorbereiding van die looppaadjies vir die leerders in Cory- en Sangirostraat en verdere opdatering van stoepe en trappe se kleurvolheid en algehele voorkoms.

Met hierdie poging wil ons ook graag ons skool meer veiliger maak. Dankie aan almal wat deel uitmaak van die projek. Indien u ook wil deel vorm van die bouprojekte waardeur u besigheid wil bydra tot die borgskappe of indien u met kunswerke op die stoepe kan help, skakel die kantoor by 018 468 2471 of stuur 'n e-pos na lahofffotos@gmail.com.

# "Sterkte Matrieks!"

Hoffies wens ons dorp se Matrieks sterkte toe vir die eksamen.

'n Paar van ons maats het gaan kuier by Hoërskool Wesvalia, KHS, Schoonspruit en HTS, waar ons die Gr12 leerders met groot spontaniteit en liefde sterkte toegewens het met wyse woorde en oulike boekmerkies. Dis wonderlik om te sien hoeveel selfvertroue ons leerders het.

Dankie aan Riley, Ava, Nine en Kara wat so oulik was op hierdie dag.

# Leerlingraad Pret

Met die nuwe leerlingraad se aankondiging, is dit altyd 'n voorreg vir die huidige termyn se leerlingraad wat klaar maak, om hulle meer touwys te maak, en sommer net lekker pret te hê saam met mekaar.

Die nuwe leerlingraad het elke dag 'n tema gehad om by aan te trek - soos hulle gunsteling animasie karakter, kersfees en asof hulle strand toe gaan. Hulle moes oulike troeteldiere maak en die moes orals saam. Pouses was daar verskeie speletjies gespeel, om sodoende ook gees te vang en spanbou te bevorder.

# Gr7 Afsluiting @ Sun City

# "Dankie Juffrou" "Dankie Meneer"

Tydens die laaste saal voor die vakansie, ook die laaste saal vir die Gr7's in Laerskool La Hoff, het die Gr7 leerders dit goed gedink om die onderwysers te bedank vir al die jare.

Elke vakonderwyser is na die verhoog genooi met 'n groot gejuig, hulle mooi eienskappe is gedeel met die skool, en 'n hartlike dankie is uitgedeel. Daarna het elke onderwyser 'n rooi roos ontvang.

# Gr7 Afsluitingsediens

Oase Gemeente tesame met Pastoor Tertius, het die diens gelei, en 'n wonderlike boodskap gebring vir ons leerders wat binnekort 'n nuwe pad gaan stap.

Na die diens het elke leerder 'n kans gekry om 'n boodskap op 'n ballon te skryf en in die lug te laat gaan.
Dis so lekker om te sien hoe die leerders vertrou op God vir die onbekende.

# GrRR en GrR Konsert

Die oulikste vertoning wat jy ooit aan kan dink! Elke maatjie se glimlag en bonsende lyfie wat so lekker saam met die musiek skud, was baie vermaaklik en het almal se harte gesteel. Hoffies, julle is PUIK!

Tesame met hulle oulike danspassies, het hulle ons geleer dat jy die boodskap van Jesus Christus saam jou moet dra en vertel waar ook al jy gaan.

Dankie aan die beste juffrouens, vir hierdie prag konsert. Dit was absoluut julle harde werk werd.

# KOLSKOOT

## Vir die Rugbyraai

Ons wenner van die Rugby Raai telling - Caylha Enslin

Alle Hoffies het die geleentheid gehad om die telling vir die WP vs Sharks Currie Beker wedstryd te raai. Daar was 5 lyste wat die regte telling op die kop geslaan het met 33-21 vir die WP, daarom is daar 'n gelukkige trekking gehou. Caylha was die gelukkige een! Sy het 'n kontantprys gewen.

# Splinter-Nuwe Hoof & Departementshoof

Dis vir ons Hoffies 'n GROOT EER om ons nuwe hoof vir 2018 voor te stel. Baie welkom Mnr Anton Smith, ons verwelkom u met ope arms om saam met ons 'n nuwe hoofstuk te begin.

Ook geluk aan ons liefste juffrou Orné Bruwer wat aangestel is as die nuwe grondslag departementshoof.

Ons Hoffie gemeenskap is baie opgewonde om saam met die nuwe bestuur te werk, en ons weet die pad vorentoe sal vol sukses wees.

# Aangename kennis, Meneer

Ons is baie opgewonde oor die nuwe fase wat ons as Laerskool La Hoff betree saam met 'n nuwe hoof aan stuur. Indien jy wonder oor wie hy is, lees gerus saam om bietjie meer oor hom uit te vind, en saam met ons blinkoog na die toekoms te staar.

1. Wat is Meneer se volle name?
   Anton W J Smith
2. Waar het Meneer groot geword?
   Douglas in die Noordkaap
3. Het Meneer enige gade wat ons na kan uitsien om te ontmoet?
   Ja , Ilze Smith, sy is 'n apteker by Clicks. Ek het ook twee dogters, Zané en Shani.

4. Watter ander skole het die voorreg gehad om saam met Meneer te kon werk?
   Laerskole Meiringspark en President

5. Wat kan ons verwag wanneer ons saam met Meneer 2018 in te stap?
   Die begin van 'n nuwe ere waar ons saam en hard gaan werk en die ekstra myl, met die leerders moet stap.
6. Watter oomblik in Meneer se onderwysloopbaan staan uit?
   Die heel laaste een, verseker toe ek die oproep kry en hoor ek is die nuwe Hoof van La Hoff. Elke keer as jy besef jy het 'n verskil in mense se lewe gemaak.
7. Wat is Meneer se visie vir La Hoff oor 10 jaar?
   Die BESTE skool in die Noordwes te wees - met gelukkige leerders, ouers en personeel.
8. Wat geniet Meneer om te doen in Meneer se vryetyd?
   Ek het maar min vrye tyd - bly altyd besig, maar om te kuier saam met my gesin geniet ek die meeste.
9. Watter kattekwaad is al in Meneer se klas aangevang?
   'n Spinnekop is in 'n koevert gesit wat sirkuleer, die dogters histeries geraak.
10. Watter rugbyspan skree Meneer voor?
    Nou vra jy my vas- ons rugby is onder groot druk in Suid-Afrika,
    Ek was 'n baie groot WP ondersteuner, ek beweeg toe Vrystaat toe... Nou skree ek op hulle.
11. Visvang, gholf of jag? En hoekom?
    Visvang vir die ontspanning en die uitdaging om 'n vissie te vang, ek jag graag vir die biltong en lekker droëwors.
12. Pienk of cammo?
    Nie een van die twee.
13. Verkies Meneer 'n seevakansie of kamp?
    Kamp is meer ontspannend as die see vir ons, die haaie bly maar in my agterkop.
14. As Meneer, Meneer self kan vergelyk met 'n bekende of TV-karakter, wie sal dit wees?
    Johan Badenhorst (Voetspore, lief vir reis en die natuur)
15. Wat is die amusantste situasie/woorde wat Meneer al by 'n leerder gehoor het?
    'n Seun het by my kom kla dat 'n onderwyser hom met *'n klap gegooi het* .
    en
    Die son gaan by die see onder

# Liewe La Hoff familie

**Elke tree skets ‘n verhaal van waar ons was en waarheen ons mag gaan.**

**Ons kyk terug en is dankbaar.
Ons kyk vooruit en is hoopvol.
Ons kyk boontoe en is gerus.
Ons gaan op ons knieë en sê dankie Heer.**

**Ek wil terugkyk en dankie sê aan elke ouer en kind wat deel was van ons skool hierdie jaar. Dit was vir ons ‘n voorreg om elkeen van julle saam met ons in Hoffieland te hê.**

**Ek wil vorentoe kyk en elke voornemende ouer en kind welkom heet.**

**Ons sien ook uit om ons nuwe hoof amptelik te verwelkom by Hoffieland in 2018. Saam gaan ons ‘n gedugte span maak en nog baie hoogtes bereik!**

**Ek wil vir elkeen ‘n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toewens.**

**Geniet die rustydperk en ons sien uit om julle almal volgende jaar saam met ons te hê.**

Seënwense

**Mnr. Ouwies**